N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 4

23 Januarie 2022

God verlos jou uit ‘n krisis, maar nie altyd soos jy verwag nie (2)

Van watter verlossing praat Paulus?
Jý kry dalk nie 39 houe nie, maar jy kry ‘n pak slae van ‘n ander aard. Jy het krisisse van ‘n ander aard en geen krisis is aangenaam nie. Hulle beroof ons van ons gevoel van veiligheid en beskutting. Paulus ego Dawid se woorde dat die regverdige uit al sy teëspoed gered word – ons dink dit beteken dat ons as regverdiges nie in krisisse sal beland nie, maar dan het ons die Skrif heeltemal verkeerd gelees. Watter verlossing beleef Paulus nadat hy al hierdie dinge gely het? In 2 Kor 12 is ‘n dawerende antwoord wat ook ons lewens in 2022 direk raak.
Geloofsdilemma as ons nie verstaan waarmee God besig is nie
Paulus skryf dat God ons van onsself verlos. Ons bid:”Here, verlos my van die krisis.” God sê:”Ek wil jou van iets groter verlos. Van jouself.” Ons antwoord dikwels:”U kan my van myself verlos, maar net nie in die krisis nie.” God verlos ons, maar nie soos wat ons dink nie. Dit is so belangrik dat ons God se agenda verstaan, anders bring dit ons in ‘n geloofskrisis. Wanneer ons in ‘n krisis beland, hetsy finansieel, in verhoudings, siekte of enigiets ander is, kan dit ons in ‘n ontsaglike geloofsdilemma plaas, want ons wil weet waar God nou is.
Jou ware verlossing
God stap ‘n pad met jou. Uit sommige krisisse sal God jou verlos, maar uit baie sal jy nie verlos word soos jy dink nie. Jy sal daardeur gaan, want die verlossing lê nie buite die krisis nie. Die verlossing wat jy beleef, is die onbeskryflike verlossing van jouself en die wending na Christus – waar jou krag lê.
God se agenda met die krisis
Paulus skryf:”{Daar} is my ‘n doring in die vlees gegee, ‘n engel van die Satan, om my met die vuis te slaan, dat ek my nie sou verhef nie. Hieroor het ek die Here drie maal gebid, dat hy van my sou wyk. En Hy het vir my gesê:”My genade is vir jou genoeg, want My krag word juis in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon.” 2 Kor 12:7
Trek jou krisis nader, vind Jesus te midde daarvan, nie daarbuite nie. Prys die Here vir die kere wat ons nie deur die smart hoef te gaan nie, maar daar is ‘n groter lof in die hart van die gelowige wat te midde van die krisis vind dat hy Jesus ontmoet, van himself ontslae raak en die krag van God belewe. Die lof van daardie gelowige is dawerend vir Hom wat op die troon sit en in beheer is. – Riekert Botha

Dankie!

Vir die welkome reën oor groot dele van ons land!
Vir die afname van die covid getalle in ons land!
Vir die Here se oorvloedige genade!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir hierdie nuwe jaar … God is ‘n God van nuwe beginne..
- Vir die gemeente-aksies wat weer begin het.
- Vir geestelike vrug in ons kinders se lewens na die jeugkamp van hierdie naweek.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – ons dank die Here dat sy nou in remissie is!
- Johan Kotze – vir volkome herstel.
- Carina Haasbroek – Ons dank die Here dat die behandeling hd week klaar is!
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Nadeleen Deguay – vir volkome herstel en genesing.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Tannie Nollie Pretorius – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Simon de Beer – het beroerte gehad. Vir volkome herstel en genesing.
- Oom Kristo Serfontein – vir die Here se nabyheid.
- Ons innige meegevoel aan tannie Vionette Vorster met die afsterwe van haar dogter!
- Ons innige meegevoel ook met Hein en Enid Kruger met die afsterwe van Hein se moeder!

Gedagte vir die week:

Trek jou krisis nader, vind Jesus te midde daarvan, nie daarbuite nie.
Riekert Botha

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org